Jesus roep my

# In Miga se skoene

## Bybelteks

*Hy het aan jou, mens, bekend gemaak wat goed is: Wat anders eis die Here van jou as om net te doen wat reg is, om troue liefde te bewys en om nederig die pad saam met jou God te loop?*

**– Miga 6:8**

## Kernwaarheid

**Dit gaan nie oor groot dinge wat ons vir God doen nie, maar oor hoe ons leef. God wil hê ons moet doen wat reg is, liefde bewys en nederig die pad saam met Hom loop.**

### WELKOM

In die speletjie wat julle gespeel het, was daar drie bewegings wat julle moes doen. Watter beweging was vir jou die lekkerste om te doen?

### WONDER

- Die mense van Israel het gedink hulle moet vir God groot geskenke en duur goed gee. Is dit wat God wil hê?
- Miga het vir hulle gesê daar is drie dinge wat God wil hê hulle moet doen. Kan jy onthou wat dit is?

### WEES

Kyk na die hart, hand en voetspoor wat jy versier het. Dit sal jou help onthou watter drie dinge God wil hê jy moet doen.

### WEGSTUUR

Sê die rympie wat julle geleer het vir jou huismense op. Wys ook vir hulle die bewegings.

## Kleur die prentjie in.

# Ons doen wat reg is en wys God se liefde

